AANKONDIGINGE

2 DESEMBER 2018

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars:	Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
	☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

EERSTE SONDAG VAN ADVENT

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
09:00	**EREDIENS – DOOP** Nuwe Intrekkerstee Deuroffer: VCSV Erediensspan 3 – Johan Norman	Ds. Hannes Burger
09:00	Kinderkerk en jnr kategese	Konsistorie en verskeie ander lokale
18:00	Senior kategese (gr. 7 tot 10)	
19:00	Aanddiens - Belydenisaflegging	Ds. Jandré Viljoen

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
Belydenisklas 2018 wat vanaand belydenis van geloof aflê

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Luk 3:1-6; Maleagi 3:1-4; Luk 1:68-79; Fil 1:3-11

MAANDAG, 3 DESEMBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – Afsluiting by Kaapzicht
DINSDAG, 4 DESEMBER
09:30 Senior Burgers Bybelstudie – Afsluiting 18:00 Dinsdag Mannegroep – byeenkoms in konsistorie
WOENSDAG, 5 DESEMBER
10:00 Othello Biduur – byeenkoms in eetkamer
DONDERDAG, 6 DESEMBER
Sopkombuis: Truda Botha, Rozaan Mong, Heidi Morkel, Sarie Terblanche, Koekie Pretorius, Riana Fick
VRYDAG, 7 DESEMBER
SATERDAG, 8 DESEMBER
SONDAG, 9 DESEMBER
TWEEDE SONDAG VAN ADVENT 09:00 Oggenddiens – Ds. Jandré Viljoen afskeid Deuroffer: Christelike Lektuur Fonds Erediensspan 1 – Chris van Niekerk Geen Kinderkerk en jnr kategese Geselligheid in die saal na afloop van die diens Geen Aanddiens Geen Snr kategese

VANDAG SE DEUROFFER

VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (VCSV)

Dit is die VCSV se roeping om kinders en jongmense te help om teen hedendaagse probleme en Godloosheid bestand te wees sodat hulle as jong Christene uitstaan in ’n wêreld waar geloof en toe-wyding voortdurend uitgejaag en afgebreek word.

Die VCSV is benewens die VCSV-takke in skole ook betrokke by jeugkampe, uitreike, stranddienswerk, avontuurbediening en lewensvaardigheidspro-gramme. Die Bybel en die bestudering daarvan, gebed en die soeke na die wil van God staan sentraal in die werk van die VCSV.

Die VCSV is ’n geloofsorganisasie wat volledig op die voorsiening van die Here vertrou vir vrywillige hulp en finansiële ondersteuning. Vir verdere inligting oor die VCSV kan u ons webblad besoek of gesels met ons op ons “facebook” blad. Baie dankie vir u ondersteuning en gebede.

021-887-0212 **|** colleen@vcsv.co.za **|** www.vcsv.co.za **|** Facebook: vcsv/ucsa

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

02/12 Carlize van Zyl, Cian Myburgh, Dawie Smuts
03/12 Babie Vlok, Bobbie Cloete, Suna Kruger, Rolanda Hugo, Jaco van der Merwe, Marita Koen, Anneke de Bod, Cornelia Conradie, Janica Hagen, Liam Ladewig, Stefan Rossouw
04/12 Elaine Smith, Mariana Wilders, Johan van Rensburg, Francois de Kock, Belius Potgieter, Marius Engels, Peet Petser, Heinrich Buhr
05/12 Estelle Jooste
06/12 Marieta Oliver, Hans Gates, Edward Schäfer, Elmarie van Deventer, Jandré du Raan
07/12 Francois Matthee
08/12 Gerhard Botha, Angelien Geldenhuys, Jan van Jaarsveld, Bertha Schreuder, Jeanette Louw, Le Grange Saayman

GEDAGTE VIR DIE WEEK

"Bewus van hoe breekbaar en feilbaar my geloof is,
- gebind aan iets so broos soos 'n Kindjie in 'n krip -
wil ek U nou, Here, veral kom dank
dat die evangelie so helder, met soveel eenvoud
na ons toe kom
dat selfs die herders dit kon verstaan."

(uittreksel uit gebed deur Pieter G.R. de Villiers)

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Jandré Nothnagel, seuntjie van Reinhardt en Janita, word vanoggend gedoop.
2. Carl en Cecile Greyling het ‘n kleinseun ryker geword.
3. Christine Loots, dogter van George en Elzeth, tree Saterdag in die huwelik met Helgard Oosthuizen.
4. Jaco Blomerus (Bloemkolk straat 16) het ‘n knie-operasie ondergaan.
5. Johan Norman (Sangiro straat 12) ondergaan die komende week ‘n skoueroperasie.
6. ‘n Familielid van Pieter van Dalen (Koorsboom straat 24) is oorlede. Ons vra voorbidding vir die familie.
7. ‘n Familielid van Banie Steyn, Hennie Franken van Napier, is baie ernstig siek en ons vra voorbidding vir hulle.
8. Johanette Louw (De Wet straat 21) se pa is oorlede.
9. Marlene, dogter van ds. Johan en Riette, is in die hospitaal opgeneem.
10. Elise van Wyk (Othello) gaan die week ‘n operasie ondergaan.
11. Cathy Fullard (Piet-my-vrou straat 84) het ‘n oogoperasie ondergaan.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
5. Tydens die kerkraadsvergadering van 21 November 2018 is Johan Bezuidenhout gekies as blokleier van D blok.
6. Die 2019 almanak is versprei na die dienswerkers en sal eersdaags by alle besoekpunte afgegee word. Lidmate wat buite die bedieningsgrense bly en nie deur ‘n dienswerker besoek word nie, is welkom om een by die kerkkantoor af te haal.
7. Ds. Johan se Koraalboom is as die beste bonsai aangewys op die Boland Bonsaiklub se jaarlikse skou.
8. Ds. Johan is die naweek af.

DS. JANDRé AFSKEID

Ds. Jandré se afskeid is op Sondag 9 Desember 2018 tydens die oggenddiens. Hy sal sy afskeidspreek by die geleentheid lewer. Daar sal ‘n geselligheid in die kerksaal wees na afloop van die diens.

Die kategese en aanddiens vir daardie dag gaan gekanselleer word. Ons nooi dus alle lidmate, jonk en oud, na die geleentheid die oggend.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week geen stukkies verkoop en die totaal is steeds 294 van 2000.

BAIE DANKIE

Hiermee wil ons net vir almal wat ons in gebed opgedra en ondersteun het, baie dankie sê. Die behandeling en toetse wat ek deurloop het, toon dat die kanker opgeklaar is. Ons kan getuig van die krag van gebed en wil Ps 100:5 uitroep, " want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag. "

Bokkie en Jo Geyer.

KERSGESKENKE

Ons wil graag vanjaar weer vir die kinders van Kayamandi en Koelenhof kersgeskenke gee. Hierdie is beide baie arm gemeenskappe en vir baie kinders is ons geskenk dalk die enigste wat hulle gaan kry.

Neem ‘n kaartjie van die bome in die voorportale en koop ‘n geskenk volgens die geslag en ouderdom op die kaartjie. Die geskenk moet asb nie meer as R100 wees nie. Plak die kaartjie op die geskenk en bring dit na die erediens of kerkkantoor teen 4 Desember 2018.

Baie dankie aan almal wat ‘n verskil in die kinders se lewe gaan maak

HULP MET BEGRAFNISSE

Ons is op soek na lidmate wat bereid is om van tyd tot tyd te help om broodjies te maak vir ‘n begrafnis wanneer daar vanuit die betrokke wyk nie voldoende broodjies gekry kan word nie. Ons benodig ook soms hulp met die bediening van die tee.

Indien jy op dié manier betrokke wil raak by die kerk se werksaamhede, skakel asb met die kerkkantoor sodat ons jou naam op die lys van vrywilliges kan plaas.

KERSSANGDIENS

Liewe Gemeente

Namens my en De Eike se Kerkkoor wil ek graag elke persoon wat gehelp het om ons 2018-kerssangdiens suksesvol te laat verloop, uit my hart bedank. ‘n Mens kom in die voorportaal af op die kerstoneel wat Hester Carstens elke jaar daar bou. By die deure is die Erediensspanne ontplooi en hulle werk soos ‘n geoliede masjien en die programme wat in die kerkkantoor versorg is, is gereed. Wanneer jy die kerkgebou binnekom, is dit sterre, liggies en blomme wat die kerkgebou in ‘n feestuin verander. Fritz en Anna van Wyk kom elke jaar met iets nuuts vorendag om ons te verras. Elke bankie, liggie, stoeltjie en staander is op sy plek – Tim Burrows het gesorg. Die powerpoint is aan en vertoon pragtig - spesiale sorg van André en Thea Shaw! Voor die klankbord sit Christie van Zyl en Karel van Schalkwyk is gereed vir aksie by elke mikrofoon. Adrian is op sy plek by die ligte-skakelaars, die kerkkoor het reeds hul plekke ingeneem en die instrumente sit in die ouderlingsbanke. Die begeleier is op haar plek en die Wyse Manne (ds Hannes en Rudolph Maree) en Wyse Vrou (Petro van den Heever) wag hul oomblik af dat die Verteller (Trónell Lessing) hulle moet aankondig in die Kersspel, *En toe sien hulle ‘n Ster*¸wat Adinda Vermaak vir ons geskryf het.

En ná die vreugde van lieflike gemeentesang en musiek, klink ons ‘n koppietjie koffie in die saal, voorberei deur ons Vrouediens. Vir elkeen wat die moeite getroos het om ons kersuitvoering te kom bywoon, baie dankie!

René Ferreira
Orrelis

DE EIKE KOSKAS

Bydraes vir die koskas kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word. Enige nie-bederfbare kos, skoonmaakmiddels, toiletware, ens is welkom.

PREEKSKETS 2 DESEMBER 2018

PREDIKER: DS. HANNES BURGER

TEMA: DIE PROFETIESE REDE

SKRIFLESING: LUK 21:4-38

LIEDERE

Loflied: Lied 364:1-3
Skuldbelydenis: Geen lied nie
Na die geloofsbelydenis: Lied 245:1
Skriflesing: Lukas 21:4-38
By die doop: Lied 293:1
Slotsang: Lied 365: 1 &3

In Jesaja 42 belowe die Here dat Hy Een is wat nuwe dinge doen.

- Nie lank daarna nie gebeur die ongehoorde dat die koning die Jode net laat trek.
- 'n Halwe millennium later gebeur dit weer; op die velde buite Betlehem.
- En hier waar Jesus se openbare loopbaan end se kant toe staan, bevestig Hy dat die proses net voortgaan...

1. **Daar wag vir die kerk 'n baie deurmekaar tyd, sê Hy**.
   - Die mat sou binnekort onder die Jode uitgeruk word.
   - Maar dit is net die begin: daar wag groot internasionale krisisse.
   - Daar wag groot natuurrampe en katastrofes; die hele natuur gaan in chaos wees.
   - Daarby gaan die druk op die kerk net toeneem.
   - Mense gaan dikwels daarvan aflei dat die wederkoms nou hier is.

2. **En in hierdie chaos, het God se Seun ingekom...**
   - Jy kan dalk selfs wonder watter sin dit het, om in die spulletjie Kersfees te vier.
   - 'n Mens kry die indruk van wolke wat net al donkerder saampak.
   - Watter troos het Jesus vir ons in sy laaste leerrede op aarde?

3. **Wat sê Jesus vir ons?**
   - Wat beteken dit dat nie een van God se woorde verby sal gaan nie (v. 33)?
   - In vers 36 gee Jesus die geheim: Lewe naby aan God.
   - Dan sal Hy self die krag gee wat jy in elke situasie nodig het!